SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

***SSK**, 'n gevestigde en gediversifiseerde landbou- onderneming, met sy hoofkantoor in Swellendam, beskik tans oor die volgende vakature by veevoer fabriek geleë te Karringmelksrivier, tussen Swellendam en Heidelberg (Wes-Kaap).*

ASSISTENT ONDERHOUDSBESTUURDER

Die geskikte kandidaat, wat aan die Onderhoudsbestuurder rapporteer, sal gesamentlik verantwoordelik wees vir die algemene onderhoud en herstelwerk aan o.a. die voertuie, toerusting en fabrieksverwante masjinerie van die aanleg.

Die ideale kandidaat beskik oor toepaslike ondervinding en/of kwalifikasie met goeie beplannings-, interpersoonlike- en kommunikasievaardighede.

Die posbekleër sal goed onder druk moet kan funksioneer, bereid moet wees om op hoogtes te werk, asook soms oortyd te werk na gelang van bedryfsbehoefte. Elektriese (hoë en lae spanning) kennis en vorige verwante ondervinding sal u aansoek versterk.

Rig u aansoek met 'n dekbrief en bondige CV met vermelding van verwagte vergoeding en 'n kontaknommer, asook ten minste drie kontakbare referente aan: Die Menslike Hulpbronafdeling, Posbus 12, Swellendam, 6740, om ons te bereik nie later as 16 Junie 2017. U kan dit ook faks na (028) 514 8656 of e-pos aan: alwyn.burger@ssk.co.za.

Neem kennis dat, indien u geen terugvoering van die adverteerder binne een maand na sluitingsdatum ontvang het nie, u kan aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. SSK is 'n gelyke geleenheid werkgewer.